



Ouditeur-generaal rapporteer marginale verbeterings in oudituitslae van plaaslike owerhede

PRETORIA – Die ouditeur-generaal (OG), Kimi Makwetu, het vandag gerapporteer dat daar beperkte verbeterings was in die oudituitkomste van Suid-Afrika se munisipaliteite vir die afgelope boekjaar.

Tydens die vrystelling van sy verslag oor die oudituitkomste van plaaslike owerhede vir 2015-16, het Makwetu gesê dat plaaslike owerhede oor die algemeen nie daarin geslaag het om die belowende vyfjaarmomentum wat in die jare 2010-11 tot 2014-15 opgebou is en waaroor hy verlede jaar verslag gedoen het, te handhaaf nie.

Die OG doen 'n beroep op die leierskap om verantwoordings te doen

In sy jongste verslag beklemtoon Makwetu die belangrikheid van verantwoordbaarheid in die bestuur van munisipale aangeleenthede, wat begin by gepaste beplanning met die fokus op die behoeftes van die inwoners en gepaste interne beheermaatreëls en toesig om voldoende finansiële bestuur en prestasiebestuur tel verseker. Hy praat ook oor respek vir die wet in die bestuur van munisipaliteite en monitering deur alle politieke en administratiewe leiers om te bepaal of begrotings- en prestasieteikens bereik is en daar gevolg is vir wanbestuur en wanprestasie.

Volgens Makwetu, sal munisipaliteite in staat wees om te voldoen aan die verwagtinge van die gemeenskappe wat hulle bedien indien hierdie basiese beginsels van verantwoordbaarheid, wat op die sentrale tema van sterk interne beheer en goeie bestuur gesentreer is, in plek is.

Die OG sê ook dat die effense verbetering in oudituitkomste oor die afgelope jaar daarop dui dat verantwoordbaarheid vir hierdie belangrike funksies nie bevredigend is nie.

Die belangrikheid van sterk interne beheermaatreëls

Sterk interne beheermaatreëls is uiters belangrik om te verseker dat munisipaliteite hul prioriteite op 'n effektiewe, doeltreffende en ekonomiese wyse bereik. Dit verseker ook dat hulle finansiële state en prestasieverslae van goeie gehalte opstel en voldoen aan die betrokke wetgewing – veral op die gebied van verkrygings- en kontrakbestuur. In die jaar onder oorsig was daar min, indien enige verbetering in die algehele doeltreffendheid van interne beheermaatreëls op munisipale regeringsvlak.

Makwetu verwys na die volgende basiese beheermaatreëls wat steeds aandag verg:

- Die leierskap moet 'n kultuur van eerlikheid, etiese sakepraktyke en goeie bestuur skep.
- Voldoende rekordhouding om te verseker dat volledige, toepaslike en akkurate inligting ter ondersteuning van finansiële en prestasieverslae, toeganklik en beskikbaar is.
- Basiese kontroles moet ingestel word om die verwerking van transaksies op 'n akkurate, volledige en tydige wyse te verseker.
- Monitering van nakoming van wetgewing (bv. reëls en regulasies).
- Die vul van kritiese vakante poste soos dié van munisipale bestuurders, hoof finansiële beamptes, hoof van toevoerkettingbestuur en hoof inligtingsbeamptes, en oor die algemeen die versekering dat 'n gepaste vlak van finansiële bestuurskapasiteit binne 'n munisipaliteit beskikbaar is.
- Instel van toepaslike beheermaatreëls vir inligtingstechnologie, met die klem op sekerheidsbestuur, gebruikerstoegangbestuur en sakekontinuiteit.

- Voltooiing van aksieplanne.

Die OG se verslag lig die volgende kernoorsake uit as van die vernaamste bydraende faktore tot die minimale verbetering in interne beheermaatreëls:

- Die stadige reaksie van die leierskap ter verbetering van sleutel-internebeheermaatreëls en die aanspreek van risiko-areas.
- Onstabiliteit of vakante poste in sleutelposisies, of sleutelbeampies wat nie die nodige vaardighede het nie.
- Ontoereikende gevolge vir swak prestasie en oortredings.

Aangesien hierdie sleuteloorsake nie aangespreek word nie, was daar slegs 'n minimale verbetering in die oudituitkomst van munisipaliteite, met 15% wat verbeter het, 13% wat agteruitgegaan het en 67% wat onveranderd gebly het.

Oudituitkomst op die oog af

In sy jaarlikse oudits, ondersoek die OGSA die volgende aspekte:

- Redelike weergawe en die afwesigheid van wesenlike wanvoorstellings in die finansiële state
- Betroubare en geloofwaardige prestasie vir doeleindes van verslagdoening oor voorafbepaalde prestasiedoelwitte
- Verbeterde nakoming van alle wetgewing oor finansiële aangeleenthede.

Die geouditeerde instansie ontvang 'n ongekwalifiseerde ouditmening wanneer sy finansiële state ongekwalifiseerd is met geen ouditbevindinge ten opsigte van verslagdoening oor voorafbepaalde doelwitte en verbeterde nakoming van wetgewing nie.

Die oudituitkomste van **263** munisipaliteite en 'n opsomming van die sleuteloudituitkomste van 51 munisipale entiteite word in die jongste algemene verslag ingesluit.

Beweging in oudituitkomste vanaf 2014-15 tot 2015-16				
	42 Improved	185 Unchanged	36 Regressed	15 Outstanding audits
Unqualified with no findings = 49	2 (DM), 7 (LM)	1 (MET) 12 (DM) 27 (LM)		
Unqualified with findings = 122	3 (DM), 16 (LM) 2 (LM)	2 (MET) 11 (DM) 75 (LM)	2 (MET) 4 (DM) 7 (LM)	1 (MET) 2 (LM)
Qualified with findings = 63	1 (LM) 8 (LM)	2 (MET) 4 (DM) 38 (LM)	1 (LM) 3 (DM), 6 (LM)	3 (LM)
Adverse with findings = 4	2 (DM), 1 (LM)		1 (LM)	
Disclaimed with findings = 25		2 (DM) 11 (LM)	1 (LM) 10 (LM) 1 (DM)	9 (LM)


MET – metropolitan municipality DM – district municipality LM – local municipality
 Colour of number indicates audit opinion from which municipality has moved

'n Totaal van 82% (40) van die munisipaliteite met skoon ouditmenings in die vorige finansiële jaar (2014-15) het weer sodanige ouditmenings ontvang in die jaar onder oorsig (2015-16). Die OG beskou dit as 'n bemoedigende teken dat verbeterings by hierdie munisipaliteite volhoubaar is'.

Ongelukkig het 14 munisipaliteite hul skoon ouditstatus verloor, terwyl nege in hierdie kategorie inbeweeg het. Dit het 'n algehele vermindering van munisipaliteite met 'n ongekwalifiseerde ouditstatus tot gevolg gehad. Metro's en distriksmunisipaliteite moet 'n voorbeeld stel binne die plaaslike owerheidsfeer, maar slegs een metro (Kaapstad) en 14 distriksmunisipaliteite (32% van alle distriksmunisipaliteite) kon daarin slaag om ongekwalifiseerde oudituitkomste aan te teken.

Totale begroting van uitgawes van plaaslike owerhede in 2015-16

Die uitgawebegroting vir die munisipale sfeer in 2015-16 het R378 miljard beloop. Munisipaliteite met ongekwalifiseerde ouditmenings verteenwoordig R70,9 miljard (19%) van hierdie bedrag, terwyl munisipaliteite met ongekwalifiseerde ouditmenings met bevindinge R218 miljard (57%) verteenwoordig. Munisipaliteite met gekwalifiseerde ouditmenings het R53,4 miljard (14%) van die totale begroting opgemaak, terwyl munisipaliteite met negatiewe en weerhoude menings R15,2 miljard (5%) verteenwoordig het. Die munisipaliteite met uitstaande oudits verteenwoordig R20,5 miljard (5%) van die totale uitgawebegroting.



Provinsies met die hoogste persentasie ongekwalifiseerde ouditmenings

Volgens die OG se verslag, was die provinsies met die hoogste persentasie munisipaliteite met ongekwalifiseerde ouditmenings in 2015-16 die Wes-Kaap (80%), KwaZulu-Natal (18%) en die Oos-Kaap (16%).

Die Wes-Kaap het weereens die pas aangegee deur sy ongekwalifiseerde ouditmenings van 73% tot 80% van sy munisipaliteite te verhoog. Die OG meld dat danksy die provinsie se 'gefokusde ingrypings en ondersteuning deur die provinsiale leierskap via die premier se koördineringsforum, het *Operation Clean Audit* en die munisipale regering se oorsigprosesse steeds vrugte afgewerp'.

Ten spyte daarvan dat die provinsie 'n redelike hoë aantal ongekwalifiseerde ouditmenings ontvang het in vergeleke met die meeste ander provinsies, het die oudituitkomste van KwaZulu-Natal 'n beduidende agteruitgang getoon hierdie jaar. Makwetu het onder andere die volgende gesê: 'Onstabieleit en vakante poste in sleutelposisies, tesame met die gebrek aan verantwoordbaarheid, interne beheertekortkominge met betrekking tot verbeterde nakoming van sleutelwetgewing wat nie voldoende gemoniteer word nie, sowel as die leierskap se stadige reaksie op aanbevelings gemaak deur interne ouditkomitees en ouditkomitees, het bygedra tot die agteruitgang by 14 munisipaliteite'.

Provinsies met munisipaliteite wat die regte momentum in hul oudituitkomste toon

Volgens Makwetu het die oudituitkomste van munisipaliteite in die Oos-Kaap, Limpopo en Mpumalanga momentum in die regte rigting getoon het, met die Oos-Kaap wat die grootste verbetering aangeteken het.

'Die verbeterings in die Oos-Kaap kan toegeskryf word aan verbeterde rekordhouding, die ondersteuning van die provinsiale tesourie en die provinsiale departement van koöperatiewe regering, die leierskap wat aandag skenk aan ouditaanbevelings, die implementering van die minimum vlakke van bevoegdheid en die gebruik van konsultante,' sê Makwetu.

Hy dui ook aan dat die verbeterings in Limpopo die gevolg was van 'n sterker fokus om ouditbevindinge aan te spreek in reaksie op die premier se siening dat stappe geneem sou word teen munisipale bestuurders in die geval van swak oudituitkomste. Wat Mpumalanga betref, het Makwetu ook gesê dat sterk leierskap, verantwoordbaarheid

en goeie menslike hulpbronbestuur by al hoe meer munisipaliteite die gewenste uitwerking gehad het.

‘Ons komplimenter die leierskap in hierdie provinsies dat hulle beslissende stappe geneem het en die vorige jaar se ouditaanbevelings geïmplementeer het,’ sê Makwetu.

Provinsies wat hul skoon ouditstatus van die vorige jaar verloor het

Die OG se verslag dui daarop dat, alhoewel Gauteng steeds goed presteer het en die enigste provinsie was waar 100% van die munisipaliteite ongekwalifiseerde ouditmenings oor hulle finansiële state ontvang het, kon slegs die Midvaal-munisipaliteit daarin slaag om sy skoon ouditstatus te behou. Die verslag het ook gewys dat ‘n gebrek aan aandag aan voorsieningsketteringbestuur en verslagdoening oor prestasie daartoe gelei het dat drie munisipaliteite hul skoon ouditstatus van die vorige jaar verloor het.

Provinsies wat hul bestuurstelsels moet verbeter

Die OG het Noordwes, die Noord-Kaap en die Vrystaat uitgelig as die provinsies met die swakste ouditresultate, gebaseer op die aantal munisipaliteite met weerhoude en negatiewe ouditmenings of uitstaande oudits.

‘Daar was min verbetering in hierdie provinsies sedert die vorige jaar. ‘n Gefokusde politieke wil en ‘n aansienlike poging om te verseker dat die basiese dinge reg gedoen word, word vereis om ‘n basislyn te skep vanwaar verantwoordbaarheid in hierdie provinsies herstel en versterk kan word,’ het Makwetu benadruk.

Beduidende ouditwaarnemings

Finansiële gesondheid van munisipaliteite

Een van die meer prominente implikasies van ‘n swak stelsel van interne beheer kan gesien word in die impak op die finansiële gesondheid van munisipaliteite. In 2015-16 het die OGSA die finansiële gesondheid van 65% van die munisipaliteite bestempel as

óf kommerwekkend óf met 'n 'behoefte aan ingryping', in vergelyking met 60% in 2014-15.

Die mees kommerwekkende aanduiders oor die afgelope twee jaar was dat munisipaliteite se besteding hul beskikbare hulpbronne oorskry het (dus 'n netto tekort); dat bedryfslaste teen jaareinde bedryfsbates oorskry het (netto bedryfslasposisie); dat debiteure nie hul skuld betaal nie of baie lank vat om dit te betaal; en dat krediteure nie betyds betaal word nie.

'In totaal was 27% van alle munisipaliteite in 'n besondere swak finansiële posisie teen die einde van 2015-16, met wesenlike onsekerheid aangaande hul vermoë om in die afsienbare toekoms met bedrywighede voort te gaan,' sê Makwetu.

Effense verbetering in auditmenings oor finansiële state

Volgens die verslag, het auditmenings oor die finansiële state slegs effens verbeter, van 60% tot 62% ongekwalifiseerde auditmenings, terwyl weerhoude en negatiewe auditmenings van 13% na 10% gedaal het. Volgens die verslag dui dit daarop dat die hersiene Mediumtermyn Strategiese Raamwerk-teikens van die staat, naamlik 65% ongekwalifiseerde auditmenings, 20% gekwalifiseerde auditmenings en 'n maksimum van 15% weerhoude of negatiewe auditmenings, teen 2018-19 bereik kan word.

Die OG het egter vinnig daarop gewys dat die swak gehalte van die finansiële state wat vir auditdoeleindes voorgelê is, daartoe gelei het dat meer tyd bestee moes word en hoër kostes aangegaan is. Hy sê dat slegs 31% (en nie 62% nie) van munisipaliteite in 2015-16 'n ongekwalifiseerde auditmening sou behaal het as ons as ouditeurs nie die wanvoorstellings uitgewys het en die geouditeerdes geleentheid gegun het om regstellings te maak nie'.

Makwetu het gemaan dat konsultante doeltreffend aangewend moet word. 'Ons het gevind dat die finansiële state wat deur 130 munisipaliteite (57%) vir auditdoeleindes voorgelê is, wesenlike wanvoorstellings bevat het in die areas waarin konsultante gewerk het, wat beteken dat die wanvoorstellings deur die auditproses geïdentifiseer en reggestel is en nie deur die konsultant nie. Die ondoeltreffende aanwending van

hierdie konsultante bly kommerwekkend.' Dit moet gesien word teen die agtergrond dat konsultasiefooië vir finansiële verslagdoeningsdienste met R838 miljoen gestyg het.

'Die swak gehalte van finansiële state wat aan ons voorgelê word vir ouditdoeleindes en 'n volgehoue afhanklikheid van konsultante vir finansiële verslagdoeningsdienste veroorsaak onsekerheid oor die beskikbaarheid van toepaslike basiese stelsels van interne beheer by munisipaliteite om akkurate en relevante jaarlikse verslagdoening te verseker,' sê die OG.

Verbeterde gehalte van jaarlikse prestasieverslae

Volgens die OG se verslag het die grootste verbetering plaasgevind ten opsigte van die gehalte van prestasieverslae. Die aantal munisipaliteite met geen wesenlike bevindinge in hierdie verband nie het toegeneem vanaf 38% tot 47%.

'Die verbetering in die gehalte van hierdie belangrike dienslewingsverantwoordbaarheids-meganisme is bemoedigend, maar heelwat verdere verbetering word vereis. Die nuttigheid van die inligting in hierdie verslae het beduidend verbeter (die aantal munisipaliteite met bevindinge het vanaf 45% verminder tot 38%), maar nagenoeg die helfte van die munisipaliteite sukkel steeds met betroubare inligting oor dienslewering,' sê die OG.

Nakoming van sleutelwetgewing

Daar was 'n effense agteruitgang in nakoming van sleutelwetgewing wat munisipale bedrywighede beheer, terwyl die aantal munisipaliteite met geen wesenlike bevindinge nie afgeneem het van 20% na 18%. Die gebrek aan oorsig- en beheermaatreëls op die gebied van nakoming was merkbaar in 'n aantal areas, insluitend voorsieningskettingbestuur, wat gelei het tot verhoogde onreëlmatige uitgawes.

Voorsieningskettingbestuur

Daar was voorsieningskettingbestuur-tekortkominge by munisipaliteite, veral op die gebied van mededingende biederij (by 46% van die munisipaliteite) en die verkryging

van drie kwotasies (56%). Die bestuur van kontrakte het ook agteruit gegaan (44%), met geen verbetering in die aanspreek van die kwelpunte wat ons jaar na jaar uitlig nie, naamlik kontrakte wat toegeken word aan werknemers, raadslede, hul familielede en ander staatsamptenare, asook dokumente wat weggaan wanneer die ouditeure 'n verkrygingsproses wil audit.'

Die OG sê dat munisipaliteite gesloer het met voorbereiding vir die implementering van die voorsieningskettingbestuur-hervormings wat deur die Nasionale Tesourie ingestel is, met inbegrip van 'n sentrale databasis en eTender portaal. Alhoewel hierdie veranderinge vanaf 1 Julie 2016 geïmplementeer moes word, het 63% van die munisipaliteite nog nie begin om die databasis/portaal te gebruik nie of nog nie hul voorsieningskettingbestuur-beleid bygewerk het teen daardie datum nie.

Onreëlmatige uitgawes

Onreëlmatige uitgawes het sedert die vorige jaar met net meer as 50% toegeneem tot R16,81 miljard – die hoogste sedert ons die waardes begin navolg het. Makwetu sê die bedrag kon selfs hoër gewees het aangesien 'n derde van die munisipaliteite gesê het dat die volle bedrag nie bekend was nie en 24% gekwalifiseerd was aangesien die bedrag wat hulle bekendgemaak het onvolledig was. Die top 10 bydraende faktore tot onreëlmatige uitgawes was verantwoordelik vir 42% van die onreëlmatige uitgawes.

Makwetu beklemtoon dat 'onreëlmatige uitgawes nie noodwendig verkwisting is nie of beteken dat bedrog wel gepleeg is nie. Dit sal bevestig moet word deur ondersoek wat die raad moet doen, maar verliese kon voortgespruit het of kan nog voortspruit as opvolgondersoek nie gedoen word nie.'

Hy wys ook uit dat 'die rekord van plaaslike owerhede in die hantering van onreëlmatige uitgawes en die versekering dat daar verantwoordbaarheid is, swak is. Die jaareindsaldo van onreëlmatige uitgawes wat oor baie jare opgehoop het en nie aangespreek is nie (deur middel van verhaling, kondonering of afskrywing) het R41,7 miljard beloop.'

Vrugtelose en verkwiste uitgawes

Vrugtelose en verkwiste uitgawes, wat R901 miljoen in 2015-16 beloop het, was 21% minder as in die vorige jaar. Ten spyte van hierdie merkbare daling, het 'n aantal munisipaliteite steeds hierdie soort uitgawes aangegaan in die tydperk onder oorsig. Die bedrag van vrugtelose en verkwiste uitgawes wat deur munisipaliteite in die Oos-Kaap, Limpopo en Noordwes aangegaan is, het afgeneem sedert die vorige jaar.

Die algemene aard van die vrugtelose en verkwiste uitgawes het verband gehou met rente op oortrokke rekeninge, strafmaatreëls en laat betalings (R814 miljoen), litigasie en eise (R23 miljoen) en ander aangeleenthede (bv. kansellasiefooie vir akkommodasie en onsuksesvolle implementering van sagteware) (R64 miljoen).

Ongemagtigde uitgawes

Ongemagtigde uitgawes het basies op dieselfde vlak gebly as die vorige jaar op R12,77 miljard. In totaal het 55% van die oorbesteding verband gehou met nie-kontantitems – met ander woorde, beramings vir depresiasie of inkorting waarvoor nie korrek begroot is nie. Dit is belangrik vir munisipaliteite om korrek te begroot vir hierdie nie-kontantitems en om die ware finansiële stand van die munisipaliteit weer te gee.

Gevolge vir aanhoudende gebrek aan finansiële en prestasiebestuur en beheer

'Verantwoordbaarheid beteken dat die mense wat dinge doen en besluite neem, verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar, maar ook dat daar gevolge moet wees vir oortredings, gebrek aan optrede en swak prestasie,' sê Makwetu. 'Munisipaliteite moet gevolgebestuur instel vir amptenare wat nie die toepaslike wetgewing nakom nie, terwyl daar betyds en op gepaste wyse opgetree moet word teen oortreders.'

Die OG sê 'sonder gevestigde bestuurstelsels, sal die ouditresultateits van plaaslike owerhede wat ons pas vrygestel het, nie maklik verander of in die gewenste rigting beweeg nie. Ons glo dat die instelling van vereiste gevolge vêr sal gaan in die poging om goeie staatsbestuur in die openbare sektor te handhaaf'.

Makwetu se verslag kom op 'n tydstip waar die parlementêre komitee verantwoordelik vir sy kantoor – die multi-party Staande Komitee oor die Ouditeur-generaal (Scoag) – begin het met 'n debat oor moontlike groter magte vir die OG.

Samevatting

Volgens die OG vereis artikel 152 van die Grondwet dat plaaslike owerhede demokratiese en verantwoordbare plaaslike regerings daarstel. 'Ons glo dat die nuutverkose burgemeesters en raadslede en die administrasie wat hulle ondersteun gereed is om hul verantwoordelikhede te aanvaar en gewillig is om verantwoordelik gehou te word vir die prestasie van die munisipaliteite wat hulle nou beheer,' sê hy.

Hy meld ook dat, met die finalisering en vrystelling van sy jongste verslag, sy kantoor vergader het met die leierskap van alle provinsies. Die premiers het hierdie sessies gereël om met lede van die uitvoerende komitee, burgemeesters, munisipale bestuurders en raadslede te vergader. Tydens die sessies was daar konsensus dat deurlopende fokus op die verbetering van interne beheermaatreëls uiters belangrik is vir die versterking van finansiële en prestasiebestuur in die regering.

Daar is ooreengekom om deurlopend in kontak te bly ten einde die robuustheid van hierdie beheermaatreëls en die verbandhoudende status van rekeningkundige rekords deur die jaar te handhaaf. Die behoefte aan gevolgebestuur en verantwoordbaarheid was 'n prominente element van hierdie interaksie. Deur dit aan te spreek, sal help om vertroue in die munisipaliteite se vermoë om beter na hulle finansies te kyk herstel. Dit sal ook die munisipale leierskap in staat stel om hul verbintenis tot dienslewering aan inwoners na te kom. 'Ons is bemoedig deur dié houding en hul onderneming om te reageer op ons aanbevelings en waarnemings,' sê die OG.

'My kantoor bly daartoe verbind om onvermoeid binne ons mandaat te werk om plaaslike owerhede in Suid-Afrika se finansiële en prestasiebestuur te verbeter, met die klem op die behoefte aan basiese dienste. Ons wens die nuwe politieke leierskap en administrasie alles van die beste toe vir die nuwe termyn en moedig alle belanghebbendes wat by plaaslike owerhede betrokke is aan om hul pogings te

verskerp ten einde te verseker dat gemeenskappe 'n verbetering ondervind in die wyse waarop hulle munisipaliteite werk,' het Makwetu afgesluit.

Uitgereik deur: Ouditeur-generaal van Suid-Afrika

Kontak: Africa Boso • (012) 422 9880 • Africab@agsa.co.za



Volg die OGSA op Twitter: [OuditeurGen_SA](#)

Medianota: Die *Consolidated general report on the MFMA local audit outcomes* is beskikbaar op www.agsa.co.za.

Oor die OGSA: Die OGSA is die land se hoogste ouditinstelling. Ingevolge wetgewing is dit die enigste instansie wat moet ouditeer en verslag doen oor hoe die regering die belastingbetaling se geld bestee. Dit is reeds só sedert die totstandkoming van die OGSA in 1911. Die organisasie het in 2011 sy 100-jaar openbare sektornalatenskap gevier.